



**NUUSBRIEF VAN SAOU DAGBESTUUR AAN LEDE  
BERIG IN RAPPORT VAN 18 MAART 2018**

*(English version will follow shortly)*

Geagte SAOU-lid

Die Nasionale Dagbestuur van die SAOU, bestaande uit die President en die 9 Provinsiale Voorsitters, rig die nuusbrief aan u om die perspektief van die SAOU te kommunikeer.

**1. RAPPORT 18 MAART 2018**

U het waarskynlik reeds die artikel wat in Rapport van 18 Maart 2018 verskyn het, onder oë gehad rakende die vergoedingspakket van die SAOU se Hoof Uitvoerende Beampte (Algemene Sekretaris). Daar het ook soortgelyke berigte in sekere van die plaaslike dagblaie verskyn.

U kan self 'n ingeligte besluit neem of dit 'n gebalanseerde artikel was nadat u die feite in hierdie Nuusbrief vervat, oorweeg het.

**2. STRUKTUUR VAN BREËRE ONDERWYS GROEPERING WAARVAN SAOU DEEL IS.**

Soos in die vorige Nuusbrief 02/18 verduidelik, is dit belangrik om die struktuur van die breëre onderwysgroepering waarvan onder andere die SAOU, SAEF, TOOM en FINSA deel vorm, te begryp.

2.1 As algemene beginsel kom inkomste wat gegenereer word (indien enige) deur TOOM (TO Strand) en FINSA aan SAEF toe.

2.2 SAEF is dus die sogenaamde regmatige batehouer (kruik) waarin vaste eiendom, beleggings en roerende bates gehou word.

2.3 Die doelstellings van die SAEF word soos volg in sy oprigtingsdokument verwoord :

*"The main objective of the Foundation is to research, promote and support the development and effective maintenance of a South African education System based on professional excellence and fundamental human rights.*

*To this end, and without derogating from the generality of the main objective, the Foundation shall promote the research and development of an effective partnership between educators, learners and parents by any means which the Foundation deems appropriate."*

2.4 Die SAOU wat 'n afsonderlike regsentiteit is, het geen reg om te eis dat steun/fondse tot die beskikking van die SAOU gestel word nie. Enige surplusse by die SAOU bly binne die SAOU.

2.5 Die SAOU word hoofsaaklik befonds deur ledegeld van lede asook 'n agentskapsfooie wat ontvang word vanaf PSCBC. In praktyk is dit egter 'n feit dat SAEF op vele maniere die werksaamhede van die SAOU ondersteun tot voordeel van lede. Lede geld maak 80.1% van die totale inkomste van die SAOU uit. Die hoofuitgawe items sien soos volg daar uit:

2.5.1 Provinsiale kantore se bedryfsuitgawes: 19%

2.5.2 Bedryfsuitgawes gekoppel aan die nasionale kantoor: 20.5%

2.5.3 Personeelkoste: 51%

2.5.4 Direkte regskoste: 2.1%

### **3. WATTER VOORDELE PUT LEDE VAN DIE SAOU UIT DIE SAKEVERBINTENIS MET SAEF?**

3.1 Die SAOU huur ongeveer 775 vierkante meter kantoor spasie, 10 parkeerplekke onder in die kelder van die gebou, asook die gratis gebruik van komiteekamers, kombuis, onthaalruimte, raadsaal en auditorium wat 'n bykomende 452 vierkante meter beloop. Die huur tarief beloop R1111 per vierkante meter.

Onlangse navrae oor die markverwante huur in dieselfde geografiese gebied as die huidige tuiste van die SAOU, dui daarop dat die tarief R170.00 (BTW uitgesluit) per vierkante meter vir kantoor spasie en R200 per parkeerplek 'n markverwante huur sou beloop. Die besparing beloop ongeveer R46,000 pm of R552,000 pj. Daar is dus 'n beduidende voordeel vir die SAOU en sy lede om steeds met die uiters voordelige huurkontrak met SAEF voort te gaan.

3.2 TO Strand:

3.2.1 Lede van die SAOU kan die vakansievoordele by TO Strand benut teen gemiddeld 11% goedkoper as nie-lede.

3.2.2 Skole gebruik die fasiliteite van die TO strand vir die aanbied van leiers- en avontuurkampe teen uiters kompeterende tariewe. Vir 2018 het reeds 37 skole van hierdie voordeel gebruik gemaak en in die afgelope drie jaar is sowat 7000 skoolkinderen in hierdie proses betrek.

3.3 FINSA: FINSA se produkte sluit studielenings, persoonlike lenings, afbetalingsverkoop-ooreenkomste en huurooreenkomste in. Daar word ook voldoen aan die statutêre vereistes en word te alle tye gepoog om die bes moontlike rentekoers aan SAOU-lede te voorsien.

3.4 Pensioenarisse (10 persone, asook 'n verdere 3 persone wat nog moet aftree) wat afgetree het in diens van die georganiseerde professie se mediese aftreevoordele word deur SAEF befonds wat die finansiële las op die finansies van die SAOU aansienlik verminder. Dit beloop ongeveer R500 000 per jaar en styg jaarliks met MPI.

### **4. AGTERGROND TOT DIE DISPUUT**

Na die SAOU se mening het die swartsmeerdery van die SAOU en die persoonlike aanvalle op mnr Chris Klopper deur mnr Michael Pashut, 'n nie-lid, sy oorsprong daarin dat hy sy sakebelange wil beskerm. Hy is 'n handelaar in minibusse. Hy het oor die jare 'n sterk onderneming gebou deur die ondersteuning wat hy onder andere van SAOU-lede gekry het. Daarmee het ons geen probleem nie.

Hierdie "dispuut" met en smeerveldtog deur mnr Pashut, het sy aanloop reeds teen die einde van 2017 toe die SAOU nie vinnig genoeg na sy sin vir hom 'n antwoord kon voorsien mbt sy borgskap en deelname by die 2018 Hoofdesimposium in Port Elizabeth nie. Toe reeds het sy beledigings en dreigemente begin. Die SAOU het op 17 Januarie hierdie jaar met mnr Pashut probeer gesels om 'n werkbare oplossing te vind aan die hand van 'n formele ooreenkoms. Hy het deurgaans aangedui dat hy nie 'n skriftelike kontrak wou onderteken nie. Die SAOU het met hom ooreengekom dat daar deur die loop van die daaropvolgende week 'n verdere gesprek sou plaasvind, maar sy aanvallende en beledigende optrede het verdere gespreksvoering onmoontlik gemaak.

Die Hoofdesimposium is ooglopend vir hom 'n belangrike bemarkingsgeleentheid omdat 900 hoofde en adjunkhoofde daar bymekaar is. Die SAOU se "fout" was om nie voor sy dreigemente te swig nie. Dit is nie vir doeleindes hiervan nodig om verdere detail te verskaf nie, maar kan op aanvraag verskaf word. Hy het verder sonder die deelnemers aan die gesprek van 17 Januarie 2018 se medewete of toestemming, die vergadering opgeneem.

Die agtergrond van die Nuusbrief van 5 Februarie 2018 is dat dit 'n algemene nuusbrief aan hoofde en ander lede was om lede in te lig dat sekere gevalle onder die aandag van die SAOU se Regsafdeling gekom het waar talle van SAOU lede in ongemaklike posisies beland het op grond van dissiplinêre klagtes en die terugeis deur die Staat van die betrokke lede van bedrae wat wissel van R108, 000 tot R4.5 miljoen.

Dus, die oogmerk van die betrokke nuusbrief was om hoofde opnuut te waarsku om met groot omsigtigheid finansiële transaksies te hanteer. Die SAOU het insette bekom van die nege voorsitters, nege ondervoorsitters en nege provinsiale sekretarisse aangesien dit 'n saak van groot belang vir lede was. Geen melding van enige twyfelagtige handelaar van voertuie, fotokopieermasjiene of finansierders is gemaak nie. Mnr Pashut het self die ongesubstansieerde afleiding gemaak dat die omsendbrief op hom gerig was en onmiddellik heftig daarop gereageer.

Die SAOU het daarna 'n opvolgskrywe onder lede versprei – weer eens so neutraal moontlik geformuleer, aangesien die SAOU geensins in 'n openbare moddergooiery met mnr Pashut betrokke wou raak nie. Die SAOU wil nie in stryd staan met mnr Pashut of enige ander diensverskaffer nie. Tog kan ons nie toelaat dat hy met sy afbrekende veldtog voortgaan nie.

Let asseblief daarop dat mnr Klopper die volle ondersteuning van die Dagbestuur van die SAOU geniet en alle bewerings rondom ongerymdhede wat gemaak word, met minagting verwerp. Hierdie houding van die Dagbestuur word onderstreep deur die feit dat daar nog nooit 'n gekwalifiseerde ouditverslag deur die onafhanklike ouditeure gelewer is nie. Ons as bestuur het volle vertroue in mnr Klopper se onbaatsugtige diens aan die SAOU en in sy optrede in belang van onderwys in die breë.

#### **5. HET ENIGE SAOU-LEDE SEDERT FEBRUARIE 2018 AS GEVOLG VAN DIE "DISPUUT" BEDANK?**

Geen lede het aangedui dat hulle agv die "dispuut" bedank nie. Trouens daar was 'n netto ledegroei einde Februarie 2018 van 265 nuwe lede.

#### **6. LEDE IS BESORG OOR DIE FEIT DAT HULLE NOG NOOIT INSAE IN ENIGE BEGROTINGS OF FINANSIËLE STATE VAN DIE SAOU GEHAD HET NIE. IS DIT WAAR?**

Daar bestaan geen rede om besorgd te wees nie. In terme van die Grondwet van die SAOU is die Kongres die hoogste besluitnemingsorgaan binne die SAOU. Hierdie Kongres vergader elke drie jaar. Die geouditeerde finansiële state vir die drie jaar tydperk tussen kongresse, word aan afgevaardigdes na die Kongres beskikbaar gestel vir oorweging aangesien die state by die Kongres goedgekeur moet word.


Toegang tot die finansiële state van die SAOU is beskikbaar vir lede van die SAOU. Die Nasionale Dagbestuur (bestaande uit die President en die nege Provinsiale Voorsitters), ontvang maandeliks die bestuurstate, keur die jaarlikse begroting goed en oorweeg die geouditeerde state. Die President doen ook by elke vergadering van die Nasionale Uitvoerende Raad (die hoogste gesag tussen Kongresse) volledig verslag oor die stand van sake binne die SAOU. Die finansiële state van die SAOU word jaarliks geoudit deur geoktrooieerde rekenmeesters en daar was nog nooit 'n gekwalifiseerde ouditverslag ontvang nie. Tydens die pas afgelope inligtingsvergadering wat op Woensdag 14 Maart 2018 te die SAOU kantore in Garsfontein Pretoria gehou is, is daar byvoorbeeld 'n elektroniese kopie van die geouditeerde state aan almal wat daarvoor gevra het, beskikbaar gestel.

Die geouditeerde state word ook jaarliks stiptelik aan die Departement van Arbeid voorsien. Die SAOU het nog nooit enige navraag in hierdie verband ontvang nie.

## 7. INMENGING DEUR MNR PASHUT STRYDIG MET HOFBEVEL

As voorbeeld van die inmenging van mnr Michael Pashut en die veldtog waarmee hy teen die SAOU besig is, in minagting van die beskermingsbevel, haal ons hierby aan 'n uittreksel van 'n skrywe deur mnr Pashut gedateer 16 Maart 2018 wat hy aan lede van Klub 42 gestuur het aangaande die inligtingsvergadering wat gehou staan te word op 19 Maart 2018.

From: Michael <[michael@autoandbus.co.za](mailto:michael@autoandbus.co.za)>  
Sent: Friday, 16 March 2018 10:29 AM  
To: |  
Subject: RE: NIB 18/2018 SAKELYS VIR ALGEMENE INLIGTINGSVERGADERINGS / AGENDA FOR GENERAL INFORMATION MEETINGS

powered by 

**ALL VEHICLES ARE SOLD WITH:**

- 1 YEAR UNLIMITED KM GUARANTEE
- 30 DAY 100% MONEY BACK GUARANTEE
- FULL SERVICE AT AGENTS PRIOR TO DELIVERY
- FULL TANK OF FUEL
- LICENCE AND REGISTRATION COSTS INCLUDED
- FREE DELIVERY COUNTRY WIDE

6.2 is baie belangrik.....

Just ask Mr Chris Klopper to be very specific on his replies...

- How did this fight start
- Why have they simply not answered the questions asked by Mr Pashut
- Did he or did he not earn R3.4m from SAEF and SAOU in 2017 and who agreed to that
- Is he a Director of FINSA and for what reason.... He says he doesn't get paid by FINSA... But he gets paid by SAEF and

**Michael Pashut**  
*Only a life lived for others is a life worthwhile - Albert Einstein*

Tel: 011 640 7103  
Tel: 021 434 2703  
Cell: 083 377 5432  
Fax: 086 547 5110  
Email: [michael@autoandbus.co.za](mailto:michael@autoandbus.co.za)

**COMMERCIAL  
AUTO&BUS**

Die SAOU het regsadvies ingewin oor die ongegronde bewerings wat deur mnr Michael Pashut versprei word en het reeds prokureurs opdrag gegee om met 'n skadevergoedingseis teen mnr Pashut voort te gaan.

## 8. ONTVANG DIE PRESIDENT EN/OF DIE HUB ENIGE VERGOEDING VAN FINSA ?

Finsa is 'n onafhanklike privaat maatskappy wat as 'n kredietverskaffer by die toepaslike owerhede as sulks geregistreer is. Mnr Chris Klopper en dr Louis Swanepoel is direkteure van Finsa. 100% van die aandele in Finsa word gehou deur die SOUTH AFRICAN EDUCATION FOUNDATION (SAEF). Geeneen van die twee here kry enige salaris van Finsa nie. Dr Louis Swanepoel het nog nooit 'n enkele sent vanaf Finsa ontvang nie. Mnr Chris Klopper het in die loop van 2016 'n eenmalige bonus van ongeveer R18 000 ontvang. Die rede daarvoor was dat die aandeelhouer in Finsa sy dank en waardering teenoor mnr Chris Klopper wou betuig vir die uitsonderlike verbetering in die finansiële prestasie wat Finsa onder sy leierskap vir die 2016 finansiële jaar bereik het, gemeet teen die vorige finansiële jaar.

## 9. VERGOEDING VAN DIE HUB

Dit is korrek dat SAEF sekere byvoordele (bykomend tot sy salaris) aan mnr Chris Klopper betaal soos bv 'n behuisingsubsidie, pensioenfondsbydrae, en mediesefondsbydrae vir deurlopende dienste gelewer. Mnr Chris Klopper was in 2008 'n werknemer van SAEF toe die pos van Hoof Uitvoerende Beampte (Algemene Sekretaris) by die SAOU vakant geraak het. Mnr Chris Klopper is toe aangestel in die vakante pos en sy aanstellingsbrief maak daarvoor voorsiening dat sy vergoeding bestaan uit 'n kontantkomponent wat deur die SAOU betaal word en 'n komponent wat deur steeds deur SAEF betaal word aangesien hy sy kundigheid ook by SAEF aanwend as een van die lede van die Bestuurskomitee wat die omvangryke beleggingsportefeulje van SAEF bestuur.

Mnr Klopper het 'n reg op privaatheid mbt die omvang van sy vergoedingspakket en bestaan daar geen dwingende omstandighede om in die openbaar daarvoor kommentaar te lewer nie. Die Dagbestuur van die SAOU het ten doel om markverwante salarisse aan werknemers te betaal. Daarom is die dienste van P E Corporate Services ('n maatskappy wat spesialiseer in die bepaling van markverwante salarisse) bekom om die pligstaat van die Algemene Sekretaris (Hoof Uitvoerende Beampte ) te evalueer, dit met soortgelyke poste in die mark te vergelyk, en 'n mediaan vas te stel wat 'n billike vergoeding sou wees.

#### **10. VERGOEDING VAN DIE PRESIDENT**

Tydens die vestiging van die SAOU as unitêre vakbond, het die strukture van die SAOU besluit dat die dienste van 'n voltydse President op gesekondeerde basis noodsaaklik is. Dr Swanepoel is die derde voltydse SAOU President. Let asb op die feit dat alhoewel Dr Swanepoel die verkose President van die SAOU is wat elke 3 jaar verkies word, sy salaris steeds deur die Mpumalanga Departement van Onderwys (MDO) betaal word.

Bo en benewens sy salaris wat hy van MDO ontvang, betaal die SAOU aan Dr Swanepoel 'n toelaag om hom presies in dieselfde finansiële posisie te plaas as wat hy sou gewees het indien hy steeds as skoolhoof by sy betrokke skool in diens van MDO opgetree het. Hy verbeur onder andere die voordeel van sy koshuistoelaag en die behuisingsvoordeel wat hy op die skoolterrein geniet het.

#### **11. POSBENAMING – HUB / ALGEMENE SEKRETARIS**

Mnr Chris Klopper beklee die pos van Algemene Sekretaris van die SAOU soos in die Grondwet beskryf. Die benaming "Hoof Uitvoerende Beampte" is bloot 'n benaming en nie 'n afsonderlike pos nie. Hierdie benaming is reeds deur mnr Klopper se voorganger in titel gebruik.

#### **12. DAAR IS 'N BESKERMINGSBEVEL TEEN MICHAEL PASHUT GEKRY. WAAROM?**

Dit is korrek. Mnr Pashut versprei onware en kwelsugtige bewerings oor mnr Klopper wat sy goeie naam, waardigheid en reputasie skade aandoen. Mnr Pashut is skriftelik uitgenooi om aan 'n mediasieproses onder voorsitterskap van 'n onafhanklike senior advokaat deel te neem sodat sy wanpersepsies uit die weg geruim kon word maar het hy dit van die hand gewys. Hy het aangedring op die betaling van miljoene rande se "skadevergoeding" anders sou hy voortgaan met sy smeerveldtog teen die SAOU en mnr Chris Klopper. Die SAOU is deurlopend met negatiewe publisiteit in die media gedreig. Die Dagbestuur van die SAOU was nie vir hierdie poging tot afpersing te vinde nie.

#### **13. BORGSKAPPE – MNR MICHAEL PASHUT**

Die enigste ooreenkoms met mnr Pashut was as een van meer as 20 uitstallers by die hoofdesimposium. Uitstallers sluit jaarliks 'n ooreenkoms wat nie oorgedra word na die volgende jaar nie synde geen regmatige verwagting om weer as borg te ageer, bestaan nie. Mnr Pashut het ook van tyd tot tyd uitgestal by provinsiale geleenthede van die SAOU waarvoor hy 'n bedrag betaal het. Mnr Pashut het wel verhoudings met skoolhoofde in hulle hoedanigheid as verteenwoordigers van skole.

Die SAOU het nog nooit enige beletsel op skole geplaas om met mnr Pashut of sy besighede sake te bedryf nie.

Hy het vorige jare een stalletjie en verlede jaar twee stalletjies by die jaarlikse Hoofdesimposium bedryf en verlede jaar daarvoor 'n bedrag van R42 000 betaal. Dit is 'n druppel in die emmer in vergelyking met byvoorbeeld 'n bekende universiteit wat R170 000 bydra tot die uitgawes van die Hoofdesimposium. So is daar verskeie ander donateurs wat reuse bydraes tot die uitgawes van die geleentheid maak sonder om die kalklig te probeer inpalm.

Die SAOU verkies bloot om nie verder van sy "borgskap" gebruik te maak nie.

#### **14. SLOTOPMERKINGS**

Die Dagbestuur van die SAOU is diep besorg oor die effek wat die negatiewe beriggewing op lede van die SAOU mag hê.

Wees verseker dat u verkose leierskap alles in hulle vermoë doen om u as lede se belange op die hart te dra en te beskerm. Uitgawes word met sorg bestuur en sal die Nasionale Uitvoerende Raad van die SAOU opnuut weer, soos gebruiklik tydens die drie jaarlikse proses, alle vergoedingspakkette van amptenare onder die loep neem en, waar nodig, die omvang daarvan heronderhandel of die posinhoud herdefinieer ten einde steeds besparings in die begroting te bewerkstellig wat uiteindelik die lede tot voordeel kan wees.

Kom ons maak saam seker dat ons kollektief aanspreeklikheid aanvaar dat die beste belange van die SAOU sentraal staan in enige verdere besluite wat geneem mag word.

Vriendelike groete,

#### **SAOU Nasionale Dagbestuur**

President: Dr L Swanepoel  
Gauteng: Mnr R Burger  
KZN: Me L Lemmer (Adjunk-President)  
Limpopo: Mnr A Swaters  
Mpumalanga: Mnr G Lancaster  
Noord-Kaap: Mnr S de Beer  
Noordwes: Mnr T Nicholenas  
Oos-Kaap: Mnr J Stroebel  
Vrystaat: Mnr P Sauer (Vise-President)  
Wes-Kaap: Mnr K Esterhuizen